BELFAST GPS: S25º 37' 59.01" O29º 55' 48.78"

Geldenhuys Bonsmaras

11 de PRODUKSIEVEILING
4 AUGUSTUS 2020 11:00
SPITSKOP · BELFAST

- JCV -

- JCV -
Deel van
Platorand Groep

35 BULLE
100 VROULIK

Johan 082 324 9633
Michiel 072 191 4325
geldenhuysfamilie@gmail.com
@ Geldenhuys Bonsmaras

IN HARMONIE MET DIE NATUUR

www.bkb.co.za

Lot 4 JCV 16-071

AFSLAERS:
Posbus 445, Standerton, 2430
Tel: 017 712 2132 Faks: 017 712 3838
E-pos: info@bkbvanwyk.co.za
Reg. No. 1960/00547/07

NAVRAE:
Rocco van Rooyen 082 799 2776
Moolman Mentz 083 229 2500
AFSLAER:
Frik Verster 082 652 2132

BKB VAN WYK

Terme: *Slegs bankgewaarborgde tjeks of elektroniese betalings op dag van veiling *Elektroniese oorplasingsfasiliteite beskikbaar *FICA dokumentasie word vereis by registrasieproses *Alle goedere word met 'n reserweprys verkoop en 'n reg bestaan om te bie deur of namens die eienaar of afslaers, tensy anders aangedui. Die regulasies van die Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 is beskikbaar by http://www.gov.za/documents/consumer-protection-act-regulations. Volledige veilingsreëls is beskikbaar by www.bkb.co.za.

Lot 1 JCV 17-225

Lot 2 JCV 17-047

Lot 3 JCV 17-129

Lot 7 JCV 17-084

Lot 10 JCV 17-095

Lot 11 JCV 17-026

Lot 12 JCV 17-08

Lot 19 JCV 17-054

Lot 6 JCV 15-047

JCV 19-158 is die seun van lot 6 JCV 15-047

Laat die nageslag u tevrede stel.

Gasverkopers:

Meyer de Jager Familie Trust

Frantasha Bonsmaras

Met dank aan ons borge:

FNB Bernhard Meyer 072 198 5515	UNIGRO Carli Botha 084 409 3536	agri-boffins De Wet Saunders 013 253 2464
VOERMOL Renier Harmse 084 610 8927	Virbac Giel Steyn 082 922 5138	MSD Animal Health Fanie Barnard 082 888 6770

NOTAS:

- Strawwe rooiwater & galsiekteveld
- Koeie en verse ge-ent: Covexin, RB 51, Bovi Shield4 + LP5, Rotavec Corona en spons-, lam-en miltsiekte.
- Bulle ge-ent: Boviclos 50, Covexin en Vibriose
- Beeste vry van BM
- Dragtigheidstatus sal bekend weesop die dag van die veiling - Dragtig van top SP bulle.
- Beeste loop op suur- en gemengde bergveld.
- Gratis aflewering van bulle by die volgende BKB punte: WITBANK, ERMELO, STANDERTON

Produksieveiling 4 Augustus 2020: Geldenhuys Bonsmaras

Goeiedag Mede-boere en Vriende

Hiermee wil ons u hartlik uitnooi na ons elfde produksieveiling op die plaas Spitskop, Belfast, op die 4e Augustus 2020 om 11:00.

Elke jaar sien ons hoe daar nuwe uitdagings in die Landbousektor opduik en produktepryse onder druk sit, maar dan sien ons weer die boer terugdruk en die beste van die saak maak.

Vanjaar se bulaanbieding fokus sterk op bouvorm, veral diepte en kapasiteit, groei [swaar gespeen vanaf die veld] en manlikheid.

Hieronder bespreek ons ‘n paar van die bulle, maar u is welkom om ons te skakel met enige navrae of vir besigtiging van die diere.

Lot 1: JCV 17-225 Ons skop vanjaar se veiling af met ‘n B-generasie bul wat al die eienskappe van ‘n SP of Stoetbul dra. Hy is manlik, baie breed met goeie bespiering, mooi ronde skof met uitstaande konstitusie – dis ‘n goeie aanduiding dat hy baie goed op die veld sal hou.

Verder speen 17-255 op 253 kg met speen-direk 119 en na-speen 118 [‘n baie groeikragtige lyn]

Sy lengte-hoogte is 1:22 wat sy goeie lengte aandui en saam met sy breedte sal hy definitief die ekstra kilogramme bysit by speen.

Lot 2: JCV 17-047 ‘n Bul wat die oog vang met sy goeie lengte, 1:25 lengte -hoogte verhouding, baie lang kruis met vol agterkwart, goed ontwikkelde binne- en buite-dye en prominente lende. Hy speen op 267 kg van ‘n vers wat 61,9 % van sy ma se gewig reflekteer – sy is nog steeds in die kudde met 391 TKP, speen 106/3. 17-047 is sterk op groei met speen-direk 114 en na-speen 111.

Lot 3: JCV 17-129 Ons het hom reeds op ‘n ouderdom van 2 jr suksesvol op 30 koeie gebruik. Sy groei is besonders, speen 324 kg op die Hoëveld, met speen-direk 125, speen-maternaal 118, na-speen 127 en GDT 119

Sy ma, JCV 08-134, is ‘n Elite-Bronze koei met 370 dae TKP, 11 jaar 9 kalwers en speen 117/9, haar speen-maternaal [melk] is 148 wat ver bo-gemiddeld is. Ten spyte van so ‘n hoë melk-produksie kalf sy elke jaar. Die moeder, 08-134, se ouma, JCV 95-040 was in 2013 die SA STAMBOEK ELITE PLATINUM koei van die jaar.

Lot 4: JCV 16-071 ‘n Bul wat vir homself praat, maar wat hom uniek maak, is sy diepte en kapasiteit, ‘n eienskap wat ons toenemend probeer vaslê in die kudde. Ons het reeds 2 seisoene se kalwers aangekry van 16-071 met gemiddelde geboortegewig van 34 kg en verwag nog 35 in die somer.

Hy was 32 kg by geboorte en speen 269 kg, 56,4% van sy ma se gewig. Sy ma JCV 12-48 se TKP is 378 en speen 105/4 – sy is ook nog steeds in die kudde.

JCV 16-071 is ‘n vier-ster bul met koei-, groei-, en produksiewaardes van 118, 122 en 121.

Lot 6: JCV 15-047 ‘n Klipharde, vroegryp bul wat ons met welslae in die kudde gebruik het. Hy teel soos hy lyk, speenkalwers wat breed, diep en rond is, bulletjies met goeie agterkwarte en skowwe wat al op 7 maande wys, verskalwers wat diep, breed en vroulik is.

15-047 speen 277 kg by ‘n ma wat die eerste keer kalf en reflekteer 58,3% van haar gewig. In sy voorgeslagte sien ons Mazèl, Arcadia en Bronrich Bonsmaras.

Lot 7: JCV 17-084 Hierdie bul het van kalf af uitgestaan met sy goeie agterkwart en mooi manlikheid. Hy vertoon ook goeie verdonkering, veral oor sy nek, wat ‘n aanduiding is van goeie libido. ’n Bul moet gewillig wees om te werk!

17-084 se ma en beide oumas is nog in die kudde [tussen hulle 3 is reeds 35 kalwers geproduseer]. Ma, JCV 08-158, TKP 365, 11 jaar en speen 105/9. Ouma aan vaar, JCV 03-084 TKP 366, 16 jaar en speen 104/13, ouma aan moer, JCV 04-112, TKP 369, 15 jaar en speen 104/13. Hier is uitstaande moederlyne met goeie melk – 17-084 speen op 274 kg.

Lot 10: JCV 17-095 Geteel uit ‘n Elite-Goud ma, 374 dae TKP, 12 jaar 10 kalwers en speen 104/10 en steeds in die kudde. 17-095 het ‘n trotse houding, mooi manlike kop, goeie verdonkering, goed ontwikkelde skof en vol agterkwart. Die bul kom uit groeikragtige lyne met speen-direk 110, naspeen 108 en GDT 101. Hy speen self op 276 kg wat 52,4% van sy ma se gewig is. 17-095 het goeie balans, diepte en kapasiteit. ‘n Bul wat ‘n impak sal maak in enige beeskudde.

Lot 11: JCV 17-026 Daar word gesê ‘n bul wys hy’s bul op 3 dae, 3 maande en dan 3 jaar. Nou hierdie bul het op 3 dae reeds gewys hy gaan bul word, en hier is hy op byna 3 jaar. 17-026 is ‘n blok van ‘n bul met sterk kop, goed-ontwikkelde oogbanke, diep lyf en sterk ontwikkelde agterkwart met vol binne- en buitedye. Hy weeg 31 kg by geboorte, groei goed tot by speen waar hy op 250 kg speen, wat dan ook 60% van sy ma se gewig was.

Lot 12: JCV 17-008 ‘n Klipharde robuuste bul wat baie vleis dra, met goeie breedte regdeur die sitbene tot voor in die bors. Aan vader- en moederskant kom hy uit lyne wat baie goed op die veld hou en 17-008 toon self uitstekende veldhouvermoë. Sy ma het ‘n 393 dae TKP met gemiddelde speen van 101/6.

Lot 19: JCV 17-054 ‘n Halfbroer van Lot 12 aan vaderskant met baie van dieselfde eienskappe maar met sterk pigment by. 17-054 het baie goeie bespiering, diepte en en kapasiteit, sy breë bek met goeie oogbank-ontwikkeling vang ook dadelik die oog. ‘n Bul wat nie sal teleurstel nie. Sy ma en ouma is steeds in die kudde met beide 375 en 372 dae TKP’s.

Daar is nog heelwat ander uitstekende bulle op die veiling. Kontak ons gerus vir enige verdere inligting of foto’s van die diere. U is ook welkom om ons voor die veiling op die plaas te besoek om van die diere te besigtig.

Bonsmara-groete.

Johan en Michiel Geldenhuys.